Name

# Die leeus van Afrika

Die leeu staan as die koning van die oerwoud bekend. Wat weet ons van hierdie groot kat? Die leeu is die tweede grootste lid van die katfamilie, na die tier.



## Hoe leeus saamwoon

Leeus woon en jag in troppe. Hulle woon hul lewens lank in hul troppe saam. Die ma's, dogters, tantes en suster woon almal saam en versorg die leeuklaintjies. Die klaintjies word welpies genoem. Vir die eerste 8 weke van hul lewe woon hulle by hulle ma's weg van die trop af. Dan sluit hulle saam met hulle ma's by die trop aan en word hulle deur al die wyfies versorg.

## Hoe leeus jag



Die leeuwyfies doen die meeste van die jagwerk. Hulle jag prooi soos sebras of wildebeeste. Hulle kruip in die lag gras weg en bestee soms ure daaraan om hulle prooi dop te hou en te wag vir die regte oomblik om aan te val. Wanneer 'n leeuwyfie 'n dier doodmaak, eet die hele trop saam. Hulle eet in 'n spesifieke volgorde: eers die leeumannetjies, dan die leeuwyfies, dan die welpies.

## Leeumannetjies

Soms woon tot drie leeumannetjies in die trop. Hulle brul baie om ander leeumannetjies weg te hou. Soms baklei hulle met ander leeumannetjies oor dominansie van die trop. Hierdie gevegte kan baie gewelddadig wees, en kan selfs tot een van die leeus se dood lei.

## Die areas waarin leeus leef

Elke leeutrop leef in sy eie gebied, soos ons in verskillende provinsies van ons land woon. Hulle merk die grense van hul gebied af deur die bome te krap of deur urine of mis agter te laat om vir ander leeus te sê om weg te bly.



LIVEWORKSHEETS



Watter kat is groter as die leeu?

In watter volgorde eet die lede van die trop? Onthou om kommas te gebruik.

Hoe merk leeutroppe hul areas?

Waarom baklei leeumannetjies?

Kies die betekenis regs by die betekenis lings

| | |
|---|---|
| bestee | diere wat deur ander diere gejag en doodgemaak word |
| welpie | digte bos |
| oerwoud | oorheersing |
| prooi | leeukleintjie |
| dominansie | spandeer |

.

LIVEWORKSHEETS